2019/05/06
08:53 AM

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

	DATUM 2019/05/06	DATUM 2019/05/03			+ - WEEK GELEDE 2019/04/29		+ - MAAND GELEDE 2019/03/25		+ - JAAR GELEDE 2018/04/30	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data
Brent ($/b)	69.42	-0.88	-1.3%	70.3	3.9%	66.82	11.9%	62.05	6.9%	64.95
US$: ? ZAR	14.47	0.180	1.3%	14.29	0.3%	14.42	6.5%	13.59	22.3%	11.83
ΔCBOT Mielies 8vm : 12nm*	R 2 067.84	31	1.5%	R 2 036.49	*CBOT May cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Corn May + -12 : 00 the previous day					
ΔCBOT Koring 8vm : 12nm*	R 2 275.60	1	0.0%	R 2 274.59	*CBOT May cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Wheat May + -12 : 00 the previous day					
ΔCBOT Soja 8vm : 12nm*	R 4 409.77	50	1.1%	R 4 360.16	* CBOT May cents / bushel + -08 : 00 today vs CBOT Soybeans May + -12 : 00 the previous day					
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)										
Mielies May '19	363.00	1.00	0.3%	362.00	-3%	373.20	-3%	374.20	-12%	414.25
Koring May '19	428.00	-5.20	-1.2%	433.20	-7%	462.20	-17%	517.20	-23%	558.25
Sojabone May '19	829.40	-1.00	-0.1%	830.40	-9%	909.20	-9%	914.40	-20%	1037.25
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton)										
SORGHUM	3568.00	0	0.0%	3568.00	0.0%	3568.00	-6.6%	3820.00	13.3%	3150.00
WMAZ Spot	2625.00	18	0.7%	2607.00	1.6%	2583.00	-5.3%	2771.00	19.4%	2198.00
WMAZ Jul '19	2687.00	20	0.7%	2667.00	1.7%	2641.00	-7.0%	2888.00	17.4%	2288.00
YMAZ Spot	2560.00	6	0.2%	2554.00	1.2%	2530.00	-3.9%	2663.00	12.8%	2269.00
YMAZ Jul '19	2590.00	10	0.4%	2580.00	1.5%	2551.00	-4.2%	2704.00	12.3%	2306.00
SOY Spot	4670.00	7	0.2%	4663.00	-1.1%	4721.00	-1.7%	4752.00	-7.4%	5044.00
SOY Jul '19	4759.00	6	0.1%	4753.00	-1.1%	4814.00	-2.4%	4875.00	-4.8%	5000.00
SUN Spot	4980.00	0	0.0%	4980.00	-1.1%	5035.00	-9.5%	5500.00	1.0%	4933.00
SUN Jul '19	5070.00	12	0.2%	5058.00	-1.2%	5134.00	-3.3%	5241.00	7.5%	4716.00
WHEAT Spot	4654.00	25	0.5%	4629.00	0.5%	4633.00	2.9%	4525.00	27.9%	3640.00
WHEAT Jul '19	4701.00	22	0.5%	4679.00	0.6%	4673.00	3.4%	4546.00	27.2%	3697.00
OLIESADE (US$/ton)	2019/05/03	Bron: Oilworld			2019/04/24		2019/03/22		2018/04/30	
Soya-oil, Arg.	637				1.0%	631	-7%	685	-6%	676
Soya-pell, Arg.	315				-0.3%	316	-3%	326	-14%	368
Soybean, USA	535				46.2%	366	41%	379	30%	410
USA Runner 40/50	1300				0.0%	1300	0%	1300	0%	1300
Sun-oil, Arg.	655				1.6%	645	-2%	665	-18%	800
Sun-oil, Black Sea	670				0.8%	665	-1%	675	-11%	750
Sunseed,Black Sea	367				0.5%	365	-1%	370	-10%	409
Rapeseed, EU cif	410				-1.0%	414	-2%	417	3%	399
Palmk oil Mal, EU	610				-6.2%	650	-15%	720	-41%	1037

JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

Sojabone: In die internasionale sojaboonmark is die grootste fokus tans op die aanplantings wat daar plaasvind. Die nat toestande in groot gedeeltes van die VSA belemmer veral die mielie aanplantings. Indien dit te laat raak vir die mielie aanplantings om plaas te vind sal daar meer hektare begin oorskuif na sojabone toe. Die verwagting dat daar meer hektare sal oorskuif sojabone toe plaas die Amerikaanse sojaboonmark onder druk, hoofsaaklik as gevolg van die groot sojaboon voorraad wat steeds in die VSA beskikbaar is. Die wêreld sojaboon voorraad is baie hoog en die verwagting is dat die wêreld eindvoorraad teen die einde van die seisoen teen die hoogste vlakke nog behoort te wees. Alhoewel daar optimisme is dat daar verdere deurbrake kan kom in die handelsgesprekke tussen die VSA en China sal daar baie groot uitvoere moet plaasvind om van die surplus sojabone in die VSA ontslae te raak. Die sojaboonpryse in die Suid Amerikaanse lande is tans ook goedkoop met Argentinië wat nou die goedkoopste oorsprong is. Die goeie produksie tesame met die skerp verswakking van Argentinië se geldeenheid hou die Argentynse pryse onder druk. Die Brasiliaanse sojaboon uitvoere het gedurende April 10.5 miljoen ton bereik. Dit was die eerste jaar op jaar afname in Brasiliaanse sojaboon uitvoere vir die afgelope 12 maande. Die totale Brasiliaanse uitvoere vir Januarie tot April staan op 26.9 miljoen ton wat 14% meer is as die vorige jaar se uitvoere teen dieselfde tyd van die jaar. Die verwagting is dat die Brasiliaanse uitvoere vir die res van die seisoen laer behoort te wees. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het verlede week hoofsaaklik onder druk gekom en het laer verhandel vir die week in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is.

Sonneblomsaad: In Rusland vorder die aanplantings van sonneblomsaad goed en volgens die nuutste verslae is daar reeds 2 miljoen hektaar se sonneblomsaad aangeplant. Dit is aansienlik meer as die vorige seisoen se 1.1 miljoen hektaar wat teen dieselfde tyd van die seisoen aangeplant was. Die verwerking van sonneblomsaad vorder ook steeds goed in die Swartsee streek lande wat die olie uitset in hierdie lande steeds hoog hou. In Argentinië was die verwerking van sonneblomsaad laer as wat die algemene verwagtinge in die mark was en dit kan grootliks toegeskryf word aan beperkte produsente verkope wat daar plaasvind. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week hoofsaaklik onder druk gekom en het Vrydag laer gesluit vir die week as waarteen dit Maandag oopgemaak het.

Kanola: Die Kanadese kanolamark het verlede week weer verder onder druk gekom en het ongeveer 3% laer verhandel vir die week. Die Kanadese kanolamark bly steeds onder druk aangesien daar nog geen sprake is dat oplossings gevind sal word vir die handelsgeskille tussen Kanada en China nie. Die laer uitvoere na China toe het die Kanadese kanola voorraad skerp laat toeneem en dit hou die pryse onder druk aangesien die uitvoere na alternatiewe bestemmings nie opmaak vir die laer uitvoere na China toe nie. In die EU is die verwagting dat die seisoen se raapsaad produksie laer behoort te wees gegewe hoe die weerstoestande nou daar lyk. Dit ondersteun die pryse in die EU. **Plaaslik:** Die aanplantings van kanola in die Weskaap het reeds begin en vorder goed.

Grondbone: In die VSA word daar gerapporteer dat die grondboon aanplantings 6% voltooi is wat meer is as die gemiddelde tempo van aanplantings teen hierdie tyd van die seisoen. Die nat toestande in van die produksiegebiede kan egter van die grondboon aanplantings vertraag, maar daar waar die produsente geplant kry is die omstandighede tans gunstig vir die produksie. **Plaaslik:** In die plaaslike mark is die grondboon produksie vir die seisoen baie laag. Die NOK se 3de produksie skatting vir die seisoen was op 22 705 ton gelaat.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: **luan@grainsa.co.za**

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.